## 14 Desember Lukas 2:1-3; 3:23-38

### *Mense is meer as nommers*

Ek sou graag die sensusregister van keiser Augustus uit die jaar 0 wou sien. Daar staan êrens die nommer van burger Jesus, die seun van Josef, uit die stam van Dawid. So 'n sensuslys is maar 'n vervelige besigheid. Tog sou dit interessant wees om die leer van die opname in Betlehem te lees. Jesus het werklik mens geword. Net soos ons ook 'n nommer-mens. Ons het so baie nommers: 'n weermag-nommer, kredietkaart- en bankrekening-nommer, polisnommer, identiteit- en paspoortnommer, persoonsnommer, mediesefondsnommers. Nommermense. Ook op die kerk se boeke is jy deesdae 'n nommer! 'n Nommer is net 'n nommer. Maar konsentreer 'n bietjie op die naam wat by die nommer pas, dan vind jy daar 'n mens. Lukas vertel van Jesus se geboorte as 'n mens. Hy stam van Adam af. Hy het 'n naam. Hy is iemand. Vir die Here in die hemel is ons nommermense ook iemand. Hy ken sy skape op die naam. "Ek het jou geroep, jy is myne" (Jes. 43). En hy skryf nie nommers nie, maar name in die boek van die lewe op. Onuitwisbaar staan dit daar. Vir die Here is jy iemand. En hy of sy ook. Mense. Iemand vir God! Mense met gedagtes en lewenservaringe. Mense met behoeftes en emosies en denke. Unieke mense. Vir die Here is jy iemand. Vir jou het Jesus Christus gaan plek berei. Nommermense met name by God. Hoe kyk jy na jouself? Jy is ook iemand vir God. Jy maak vir Hom saak. En die ander nommermense om jou heen? Vra jouself dan af wat kan ek nog meer doen om vir iemand te wys dat hulle mense is, dat hulle saak maak. Doen iets en wees 'n mens. 'n Medemens.

Sing: Psalm 139:1, 2

Ds. M. van Helden (Centurion)